

3 November

Skrifgedeelte: Psalm 27:1-14

Fokusgedeelte: Psalm 27:13; Heidelbergse Kategismus Sondag 9

Die lewe in “hierdie jammerdal”

“As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!”

Die (vir ons) vreemde woord “jammerdal” was in die dae van die Heidelbergse Kategismus (1563) spreekwoordelik om mense se swaarkry en verdrukking te beskrywe. Rampe, plaë, oorloë, harde handewerk, hoë kindermortaliteit en lae lewensverwagting het in die (donker) Middeleeue mense se lewe met dood en droefenis en rou omring. In begrafnisbriewe van daardie tyd lees ‘n mens dan ook dikwels dat iemand “hierdie aardse jammerdal salig verlaat het”.

So ken elke tyd en elke mens in hierdie wêreld sy eie jammerdal. Ook in Psalm 27 is dit so. Dawid beskryf ‘n dag van onheil. Sy teenstanders is oorlogsugtig en baie. Hulle is soos roofdiere, wat “sy vlees wil eet” (vs. 2, OAV). Sy familie vermy hom en dit voel vir hom of selfs die Here van Hom af wegkyk (vs. 9). Alleen moes hy leuens en geweld trotseer (vs. 12).

Wat doen Dawid onder sulke omstandighede? Hy laat sy geloof werk (vs. 13). Gehoorsaam gaan hy kerk (tempel) toe waar hy offer en bid en sing (vs. 6-7). In die kerk kry Dawid weer ‘n duidelike uitsig op God se goedheid. Hy ervaar dit en dink daarvoor na. Dit inspireer hom só dat hy nie meer bang is of verlate voel nie (vs. 1-3).

Hoe duidelik staan God se goedheid ons voor oë as ons nadink oor hoe Hy deur Jesus ons Vader geword het! Jy mag vertrouê hê dat Hy, wat só ‘n groot offer vir jou gebring het, ook in hierdie jammerdal, alles tot jou beswil kan en sal beskik. Maak soos Dawid. Maak in hierdie Jammerdal die kerk jou Lofdal, en in God se genade sal jy hoog op ‘n rots staan (vs. 5).

Sing: Psalm 27-1:1, 6

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)